



## **NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, VIRTUEEL GEHOU OP DONDERDAG, 29 OKTOBER 2020 OM 10:00**

---

### **TEENWOORDIG:**

Speaker, rdl M A Rangasamy

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen

Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)

Philander, D B (ANC)

Bess, D G (DA)

Smit, N (DA)

Daniels, C (DA)

Sneewe, A M (ANC)

De Beer, J M (DA)

Solomons, P E (DA)

Humphreys, F S (ANC)

Stanley, B J (DA)

Maart, E M S (DA)

Stemele, O M (DA)

McQuire, V D (DA)

Van der Westhuizen, R F (DA)

O'Kennedy, E C (DA)

Van Zyl, M (DA)

Papers, C H (DA)

Zatu, N S (ANC)

Penxa, B J (ANC)

### **Beamptes:**

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

### **1. OPENING**

Die Speaker versoek rdl D B Philander om die vergadering met gebed te open.

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede en amptenare.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en amptenare wat die afgelope tyd verjaar het.

### **2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

**BESLUIT** dat kennis geneem word dat rdl L E Mfutwana afwesig is sonder verlof.

### **3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS**

#### **3.1 SEKURITEITSVERBREKING OP SEKERE REKENAARSTELSELS**

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, bevestig dat die Munisipaliteit die afgelope naweek onder 'n kuberkraker deurgeloop het en dat sekere rekenaarstelsels gekomprimiteer is. Dit is 'n geweldige krisis en sal daar gepoog word om die probleem op die mees vriendelike manier op te los.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste/...

3.1/...

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit, gee verdere inligting tot die sekuriteitsverbreking en die volgende, onder ander, word uitgeleg:

- (1) Die kuberkrakers het nie toegang tot die finansiëlestelsel verkry nie;
- (2) Die lêers van die Munisipaliteit is geënkleer deur die kuberkrakers en kon daar dus nie toegang tot die lêers vekry word nie;
- (3) Inligtingstegnologie Spesialiste (IT-spesialiste) is aangestel om die Munisipaliteit by te staan in 'n poging om inligting te herwin;
- (4) Deur die rugsteuningsprogramme van die Munisipaliteit kon meeste van die data herwin word, behalwe die data van die Collaboratorstelsel. Laasgenoemde is die stelsel waarop meeste van die Munisipaliteit se administratiewe prosesse geautomatiseer is en sal die konsultant, Business Engineering, die Munisipaliteit bystaan om die prosesse weer in bedryf te stel;
- (5) Die IT-afdeling van die Munisipaliteit voldoen aan die Sekuriteitsbeleide van die Raad soos bevestig deur die afgelope eksterne oudits van die Ouditeur-Generaal.

Die Municipale Bestuurder bevestig dat die sekuriteitsverbreking by die Kommersiële Misdaadeenheid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens aangemeld is.

Op navraag van die Municipale Bestuurder, verduidelik die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste dat die kuberkrakers van sagteware gebruik maak om stelsels te infiltrer en dat die sekuriteitsverbreking aanvanklik nie deur 'n persoon veroorsaak is nie. Eers wanneer die sagteware 'n leemte in 'n stelsel optel sal die kuberkrakers betrokke raak. Alhoewel die virusprogram en "firewall" in plek was, was die kuberkrakers slim genoeg om die stelsels te infiltrer sonder dat die virusprogram die sekuriteitsverbreking opgetel het. Die IT-spesialiste het bevestig dat die Munisipaliteit se virusprogram en "firewall" voldoen aan sekuriteitstandaarde.

Die Municipale Bestuurder noem dat afsprake gereel sal word met kundiges, soos Prof Basie von Solms, en slagoffers van kuberkrakers, soos Liberty Life en ander munisipaliteite, ten einde die nodige advies te bekom insake die betaling van die losprys, al dan nie. Die Municipale Bestuurder noem verder dat dit noodsaaklik is om operasionele prosesse in bedryf te stel, veral dié wat dienslewering beïnvloed.

**BESLUIT** dat, soos versoek deur rdl F S Humphreys en D B Philander, 'n volledige verslag aan die Raad voorberei sal word aangaande die sekuriteitsverbreking, ingesluit die koste-implikasies.

#### 4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

##### 4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 25 AUGUSTUS 2020

###### **BESLUIT**

(op voorstel van rdd M van Zyl, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 25 Augustus 2020 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

#### 5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

###### **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

##### 5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 19 AUGUSTUS 2020 saamgelees met

##### NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 12 AUGUSTUS 2020

5.2/...

**5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 16 SEPTEMBER 2020**  
saamgelees met

**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 9 SEPTEMBER 2020**

**5.3 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 21 SEPTEMBER 2020**

**6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUTNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Municipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

- 6.1 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 16 JULIE 2020**
- 6.2 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 13 AUGUSTUS 2020**
- 6.3 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 17 AUGUSTUS 2020**
- 6.4 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 11 SEPTEMBER 2020**
- 6.5 NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 29 SEPTEMBER 2020**

**7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

**7.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 25 AUGUSTUS 2020**

**7.1.1 WYSIGING VAN DIE TYDSKEDULE VIR DIE 4<sup>DE</sup> HERSIENING VAN DIE 2017-2022 GEïNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN EN DIE JAARLIKSE BEGROTING (2/1/4/4/1)**

Die Raad het die tydskedule vir die 4<sup>de</sup> Hersiening van die GOP en opstel van die jaarlikse begroting ingevolge artikel 21(1)(b) van die Wet op Municipale Finansiële Bestuur, No 56 van 2003 (MFMA) op 25 Augustus 2020 aanvaar.

Ingevolge Staatskoerant No. 43582 gedateer 5 Augustus 2020, Goewermentskennisgewing 851, is munisipaliteit vrygestel van die nakoming van die sperdatums van sekere artikels van die MFMA, onder andere, die goedkeuring van die Jaarverslag. Die tydskedule is dus dienooreenkomstig aangepas.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl C Daniels, gesekondeer deur rdl E S M Maart)

- (a) Dat die gewysigde tydskedule vir die 4<sup>de</sup> hersiening van die GOP en die opstel van die jaarlikse begroting (aangeheg as **Aanhangsel A**) om voorstiening te maak vir die vrystellings in Staatskoerant No. 43582 van 5 Augustus 2020, Goewermentskennisgewings 851, goedgekeur word;
- (b) Dat enige prestasieteiken (nie-GOP) wat verband hou met die voorafgaande vrystellings dienooreenkomstig aangepas word.

**8. SAKE VIR BESPREKING**

**8.1 OPHEFFING VAN VLAK 3 WATERBEPERKINGS EN IMPLEMENTERING VAN VERLAAGDE WATERTARIEWE (16/1/1/7)**

Die Weskus is gedurende Februarie 2016 tot 'n rampgebied verklaar weens die heersende droogte wat vir etlike jare ervaar is. Gepaardgaande waterbeperkings is ingestel ingevolge paragraaf 69 van die Verordening rakende Watervoorsiening,

8.1/...

Sanitasiedienste en Nywerheidsuitvloeisel wat in Desember 2018 verlaag is na Vlak 3-waterbeperkings.

Die situasie vir die Weskaap het aansienlik verbeter met die gesamenlike damvlakke op meer as 88% in September 2020 en het die Departement van Waterwese en Sanitasie in Omsendskrywe 25/3 gedateer 20 September 2020 versoek dat alle waterbeperkings opgehef moet word.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdd M S I Goliath, gesekondeer deur rdh R F van der Westhuizen)

Dat die besluit van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee van 21 September 2020 gekondoneer word, naamlik:

- (a) Dat die Vlak 3 waterbeperkings vir die Swartland munisipale gebied opgehef word met onmiddellike effek;
- (b) Dat die volgende watertariewe, BTW uitgesluit, soos goedgekeur deur die Raad op 28 Mei 2020, geïmplementeer word met effek vanaf die diensterekening wat gedurende Oktober 2020 gelewer sal word vir betaling teen 31 Oktober 2020:

t.o.v. residensiële verbruikers (ingesluit residensiële landbou-eiendomme):

	Tarief* / kl
0-6 kl	R5.03
7-10 kl	R8.64
11-15 kl	R16.54
16-20 kl	R20.97
21-25 kl	R31.09
26-35 kl	R64.78
36 kl >	R89.40

\*BTW uitgesluit

t.o.v. Besigheid/Kommersieel/Industrieel/Landbou (besigheid):

	Tarief* / kl
Vanaf 1 kl en meer	R21.60

\*BTW uitgesluit

t.o.v. Skole/Regeringsinstellings:

	Tarief* / kl
Vanaf 1 kl en meer	R24.02

\*BTW uitgesluit

t.o.v. Sportklubs:

	Tarief* / kl
Vanaf 1 kl en meer	R22.90

\*BTW uitgesluit

- (c) Dat die publiek in kennis gestel word van die verlaagde tarief wat terugwerkend ingestel word met effek vanaf die September-lesings, wat teen 31 Oktober 2020 betaalbaar is.

### **8.2 VRYSTELLINGSAANSOEK T.O.V. KOLLEKTIEWE SALARIS- EN LOONOOREENKOMS: MUNISIPALITEIT SWARTLAND vs IMATU/SAMWU (Saaknommer: EX/HQ062003) (4/2/3)**

Die voorneme van die Munisipaliteit om aansoek te doen vir vrystelling ingevolge Klousule 11 van die meerjarige Salaris- en Loonooreenkoms (die Ooreenkoms) is op 28 Mei 2020 aan die Raad gerapporteer met die goedkeuring van die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting.

Nadat 'n mandaat...

## 8.2/...

Nadat 'n mandaat aan SALGA Wes-Kaap gegee is om namens alle munisipaliteite in die Wes-Kaap aansoek te doen om van die Ooreenkoms af te wyk, het SALGA Wes-Kaap later per omsendbrief versoek dat munisipaliteite individueel moet aansoek doen om nie die salarisverhoging vir die 2020/2021 finansiële jaar te implementeer nie.

Swartland Munisipaliteit het 'n vrystellingsaansoek ingedien en die proses het 'n aanvang geneem. SALGA seregsadviseur het die Munisipaliteit egter aanbeveel om die vrystellingsaansoek te onttrek gegewe, onder andere, dat die inligting soos voorsien deur die Munisipaliteit as motivering vir die vrystellingsaansoek nie lg. ondersteun nie.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

- (a) Dat, gegewe die standpunt wat deur SALGA seregsadviseur ingeneem word soos uiteengesit in Aanhangsel B tot die verslag, goedkeuring verleen word dat die vrystellingsaansoek deur die Munisipaliteit onttrek word, en vir die salarisverhogings om uitbetaal te word aan werknemers met ingang vanaf 1 Julie 2020 ooreenkomstig die Kollektiewe Salaris- en Loonooreenkoms;
- (b) Dat kennis geneem word dat die vrystellingsaansoek ingedien is gedagtgig aan die negatiewe impak van COVID-19 op die ekonomiese situasie, ingesluit die plaaslike ekonomie;
- (c) Dat Swartland Munisipaliteit sy misnoë uitspreek teen die gebrekkige gedeeltes in die Kollektiewe Salaris- en Loonooreenkoms ten opsigte van aansoeke om vrystelling van salarisverhogings, en dat SALGA versoek word om die betrokke gedeeltes tydens die volgende salarisonderhandelinge te hersien om die vrystellingsaansoek vir munisipaliteite uitvoerbaar te maak;
- (d) Dat verder kennis geneem word dat daar reeds 'n besluit geneem is om 'n mandaat te gee vir 'n 0% verhoging gedurende die salarisonderhandelinge vir die volgende termyn;
- (e) Dat magtiging aan die Municipale Bestuurder verleen word om aansoek te doen vir vrystelling van die besoldingsboperke van die drie betrokke direkteure, naamlik die Direkteur: Finansiële Dienste, die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste en die Direkteur: Ontwikkelingsdienste ten einde gelyke beregting te laat geskied, gegewe die rede dat met die voorgestelde salarisverhogings 'n afdelingshoof meer as 'n betrokke direkteur verdien, welke aansoek ook die Provinciale Minister se ondersteuning moet wegdra.

## 8.3 MOSIE ONTVANG VANAF DIE KANTOOR VAN DIE ANC HOOFSWEEP (5/15/1/2; 4/2/3; 5/8/1)

'n Mosie is ontvang vanaf die Kantoor van die ANC Hoofsweep gedateer 16 Oktober 2020 waarin versoek word dat die volgende aspekte deur die Uitvoerende Burgemeester behandel word:

- (1) Foutiewe municipale rekeninge;
- (2) Salarisverhogings aan werknemers van Swartland Munisipaliteit;
- (3) Regsaksie teen die Ouditeur-Generaal.

Rdl O M Stemele bedank die ANC vir die mosie ten einde belangrike kwessies aan te spreek en bedank verder die administrasie vir die volledige antwoord soos vervat in die item tot die sakelys wat die verbintenis tot deursigtheid bevestig.

Die ANC teken beswaar aan dat die verslag tot die sakelys nie volledig deur die Uitvoerende Burgemeester behandel word nie, maar reël die Speaker dat dit nie nodig is vir die Uitvoerende Burgemeester om hierop terugvoering te gee nie, aangesien die verslag tot die sakelys volledige toeligting bevat.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word dit beslis met die meerderheid stemme ten gunste daarvan.

### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl C Daniels)

8.3/...

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die mosie soos ontvang vanaf die Kantoor van die ANC Hoofsweep;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die breedvoerige antwoorde verskaf op elkeen van die kwessie geopper in die mosie, naamlik (1) foutiewe munisipale rekeninge; (2) 2020/2021 salarisverhogings; en (3)regsaksie teen die Ouditeur-Generaal en dat dit dienooreenkomsdig gekondoneer word.

**8.4 ONDERSOEK NA VRUGTELOSE EN VERKWISTE UITGAWES IN TERME VAN ARTIKEL 32 VAN DIE WET OP MUNISIPALE FINANSIELE BESTUUR, 2003 (5/15/1/5)**

Die verslag tot die sakelys bevat die nuutste ondersoeke na vrugtelose en verkwiste uitgawes in terme van Artikel 32 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 soos uitgevoer deur die Dissiplinêre Raad.

Die volledige verslag van die Dissiplinêre Raad met die uitslag van die ondersoeke is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat daar kennis geneem word van die vordering van sake met betrekking tot vrugtelose en verkwiste uitgawes;
- (b) Dat gewag word op die goedkeuring vir die afskrywing van die bedrag van vorige saak wat gerapporteer was;
- (c) Dat kennis geneem word van die inhoud van die Rekords van Besluitneming van die Dissiplinêre Raad soos per Aanhangsels A en B tot hierdie verslag met betrekking tot vrugtelose en verkwiste uitgawe ondersoeke; en
- (d) Dat die aanbevelings van die Dissiplinêre Raad soos vervat in die aanhangsels tot die verslag goedgekeur en geïmplementeer word vir die volgende:
  - (i) Aanhangsel A - Die afskrywing van R5 000 met betrekking tot die bybetaling aan die versekeringsmaatskappy, aangesien daar nie kon bepaal word wie verantwoordelik was vir die skade aan die voertuig nie.
  - (ii) Aanhangsel B - Die afskrywing van R9 766.59 vir die verskil in wat die amptenare kan bekostig en bereid is om te betaal teenoor die werklike bybetalings aan die versekeringsmaatskappy.
- (e) Dat kennis geneem word dat die kriteria om die betaling deur amptenare te verlig met inagneming van vorige ongeluksrekords en verkeersboetes oorweeg is, omrede die bybetalings aan die versekeringsmaatskappy toegeneem het van R7 500 tot R15 000 vir swaar voertuie en vir ligte voertuie van R2 500 tot R5 000, wat 'n groot las is vir laer inkomste werknemers. Amptenare moet egter aanspreeklik gehou word as hulle die Munisipaliteit se bates beskadig om te voorkom dat 'n nie-omgee houding ontstaan.

**8.5 HIGHLANDS STORTINGSTERREIN: HERSIENING VAN KONTRAK MET WASTE-GRO (15/3/B)**

Die dag-tot-dag bedryf van die Highlands Stortingsterrein, sowel as die Herwinningsaanleg is gekontrakteer aan Waste-Gro. Met die vorige eksterne audit is daar leemtes in die ooreenkoms geïdentifiseer met verwysing na die rehabilitasie en batestoewysing.

Die betrokke wysigings, soos voorgelê aan die Raad op 15 Junie 2020, is vir publieke insae geadverteer, waarop geen kommentaar ontvang is nie.

Rdl D B Philander teken beswaar aan dat die bestuur van die Highlands Stortingsterrein nie fokus op swart bemagtiging nie deur die aangaan van die ooreenkoms met Waste-Gro.

Besluit/...

8.5/...

**BESLUIT**

(op voorstel van rdh R F van der Westhuizen, gesekondeer deur rdd M S I Goliath)

- (a) Dat kennis geneem dat die wysigings aan die kontrak ter insae was vir publieke insette en dat geen kommentaar teen die sperdatum van 31 Augustus 2020 ontvang is nie;
- (b) Dat die Raad die wysigings aan die ooreenkoms met Waste-Gro goedkeur met betrekking tot bate-eienaarskap, rehabilitasieverpligtinge sowel as geringe wysigings aan die bewoording van die ooreenkoms;
- (c) Dat magtiging verleen word aan die Municipale Bestuurder om namens die Municipaliteit die ooreenkoms met Waste-Gro te onderteken.

**8.6 RIGLYNE INSAKE RUIMTELIKE BEPLANNING-, GRONDGEBRUIK- EN ANDER ONTWIKKELINGSPROSESSE (15/3/B)**

Die riglyne, soos aangekondig deur die Minister van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling in Staatskoerant No. 43598 gedateer 7 Augustus 2020, word voorgestel in 'n poging om billike tydsraamwerke vir grondgebruiksprosesse en verwante publieke deelnameprosesse te midde van die Covid-19 pandemie daar te stel.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D B Philander)

- (a) Dat kennis geneem word van die riglyne insake ruimtelike beplanning en die bestuur van grondgebruik- en ontwikkelingsprosesse soos uitgegee deur die Minister van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling in terme van Staatskoerant No. 43598, Goewermentskennisgewing No. 431 gedateer 7 Augustus 2020;
- (b) Dat die riglyn ingevolge paragraaf 5.1 van die kennisgewing ten opsigte van 'n verlenging van die tydsraamwerk van grondgebruiksprosesse na 30 dae nie deur Swartland Municipaliteit geïmplementeer word nie, en dat die aanvanklike 21 dae tydsraamwerk ingevolge wetgewing dus gehandhaaf word om sodoende nie tot 'n verdere negatiewe impak op die ekonomie by te dra nie;
- (c) Dat die bepalings van die besluit van toepassing is vanaf 7 Augustus 2020, naamlik die datum waarop die voorskrifte ingevolge Goewermentskennisgewing 431 in werking getree het.

**8.7 VOORGESTELDE GRONDRUIL TRANSAKSIE: SWARTLAND MUNISIPALITEIT / PNIËL PINKSTER INTERNASIONAAL (12/2/1-8/10)**

Dit is die voorneme om Erf 5388 (groot 2022 m<sup>2</sup>), Malmesbury wat aan Swartland Municipaliteit behoort, te ruil vir erf 7517 (groot 1667 m<sup>2</sup>), Malmesbury wat aan Pniël Pinkster Internasionaal behoort.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl C Daniels)

Dat die item terugverwys word ten einde geleentheid te gee om ondersoek in te stel na (1) die kostes vir die verwydering van die fondasies op Erf 7517 en (2) dat 'n akte-nasoek gedoen word op Erf 7517 om die eienaarsgeskiedenis te bekom.

**8.8 KWARTAALVERSLAG: ARTIKEL 52 VAN DIE WET OP MUNISIPALE FINANSIËLE BESTUUR: JULIE TOT SEPTEMBER 2020 (7/1/2/2-2)**

Die voorlegging van die kwartaalverslag aan die Raad word voorgeskryf deur Artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Municipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Besluit/...

8.8/...

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl C Daniels, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die topvlak dienslewering- en begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Julie 2020 tot 30 September 2020.

**(get) M A RANGASAMY**  
**SPEAKER**